Downloaded from Stanmorephysics.com

**Basic Education**

**Department: Basic Education**

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**GR.12 - SENIORSERTIFIKAAT- Voorbereidende-eksamens (2020)**

PUNTE: 70 TYD: 2 uur

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**
Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: DRAMA (35)
   AFDELING B: GEDIGTE uit *Versjoernaal* (35)

2. Beantwoord al die vrae uit AFDELING A en B. Al die vrae is verpligtend. Daar is geen keuse nie.

3. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling.

4. Voorgestelde tydsaanduiding: ongeveer 60 minute per afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

---

**AFDELING A** **VRAAG 1** ***Fiela se Kind – Dalene Mathee***

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die onderstaande uittreksels aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| | |
|---|---|
| SELLING: | Los die kind, Fiela, hy's nie een vir agter draf nie. Daardie perdekar is al heelweek op en af hier in die Kloof. Vreemde kar. |
| FIELA: | Smouse. Al hoe meer van die goed hier rond. As dit so aangaan, sal daar op die ou end vir elke volstruisveer 'n koper wees. (FIELA *lag ingenome.*) Sy's mooi, Selling. Bietjie rankerig om die boude, lyk dit vir my, maar ons sal haar vet kry. Wag maar. |
| SELLING: | Dis nog te ver om te sê hoe sy lyk, vrou – die perdekar het lus vir uitdraai hiernatoe. |
| | *** |
| FIELA: | Goed, hulle kan dasvelle kry, maar nie vir onder die twee oulap 'n vel nie. (*'n Valk skree skielik naby.*) Maaifoerie se valk. Gister my mooiste kuiken gevang toe ek my rug draai, nè? Vandag kan jy maar op 'n ander plek loop aas. Ek sal hulle toemaak. |
| SELLING: | Die kar draai op, Fiela. |
| FIELA: | Nie 'n enkele vel vir onder die twee oulap nie. |
| | *** |
| SELLING | (*roep van die huis af*): Fiela! Die perdekar kom hiernatoe. |
| FIELA: | HY kan maar kom. |

1.1 Wat het die twee mans wat op Wolwekraal aangekom het, kom doen.? 1

1.2 Watter ander inligting behalwe die aantal inwoners, wou hulle van Fiela weet? Gee TWEE feite 2

1.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3) neer.

Die aankoms van hierdie twee mans by die Komoties kan as die ............ in die drama gesien word.

A motoriese moment
B klimaks
C eksposisie
D ontknopimg 1

1.4 Waar het Fiela-hulle gebly? 1

1.5 Waarmee het Fiela geboer? 1

1.6 Behalwe die dasvelle, wat het Fiela-hulle nog verkoop om 'n bestaan te voer? 1

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.7 Fiela-hulle was gelukkig totdat die manne daar aangekom het. Toe het alles skielik verander.
Skryf die vier gebeure rondom die manne se TWEE besoeke onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Die sensusmanne het gevra of Benjamin kon onthou hoe hy op Wolwekraal gekom het.
- Die sensusmanne het vir Benjamin gesien.
- Die sensusmanne het gesê die magistraat wou vir Benjamin sien.
- Die sensusmanne het die Komoeties se besonderhede in die sensusboek geskryf. 4

1.8 SELLING: Los die kind, Fiela, hy's nie een vir agter draf nie.

1.8.1 Wat kan afgelei word oor Benjamin se karakter na aanleiding van die aanhaling? 1

1.8.2 Watter emosie toon Selling teenoor Benjamin na aanleiding van die aanhaling 1

1.9 Vir hoeveel kon Selling die dasvelle aan die smouse verkoop? 1

1.10 SELLING: "***Die perdekar kom hiernatoe.***"
Selling het herhaaldelik na die perdekar verwys. Wat wil die dramaturg hiermee bereik? 1

| | |
|---|---|
| BENJAMIN: | Ek is Fiela Komoetie se kind. |
| MAGISTRAAT: | Wag nou, seun, dit is nie vir my 'n maklike taak hierdie nie. Aan die begin sal dit vir jou vreemd wees om weer onder jou eie mense terug te wees. |
| BENJAMIN: | Ek is Fiela Komoetie se hanskind. |
| MAGISTRAAT: | Ekskuus? |
| BENJAMIN: | Ek is haar hanskind. Die Here het my aan my ma toebetrou. Ek is Fiela Komoetie se kind, weledele heer. Ek sweer, baas. Die bosvrou lieg as sy sê ek is haar kind. |
| MAGISTRAAT: | (*kom staan reg voor hom*): Hiervandaan gaan jy saam met jou ouers huis toe. |
| BENJAMIN: | Ek is Fiela Komoetie se kind, baas, ons is nie kaalgatte nie, baas, ek sweer. Ek het vyf sjielings om dit te wys. |
| MAGISTRAAT | *beweeg na die deur.* |
| BENJAMIN: | Baas, asseblief. |
| MAGISTRAAT: | Ek wil nooit weer hoor dat jy daardie woord gebruik nie. Jy is 'n wit kind en jy sal leer om soos 'n wit kind te praat. |
| BENJAMIN: | Asseblief, weledele heer, ek is Fiela Komoetie se kind en my pa is Selling Komotie. |

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.11 Wie was die magistraat wat besluit het dat Benjamin die Van Rooyens se seun was? 1

1.12 Op watter dorp het die hofsitting plaasgevind? 1

1.13 Fiela het vir Benjamin voorberei op moontlike vrae wat hulle vir hom in die hof kon vra. Noem DRIE van hierdie vrae. 3

1.14 Lukas is saam met Elias en Barta van Rooyen huis toe.

1.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Barta was van die begin af (besorgd oor/ongeduldig met) Lukas. 1

1.14.2 Motiveer jou antwoord vir vraag 1.14.2 1

1.15 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies

As Lukas se lewe by die Van Rooyens met Benjamin se lewe met Fiela-hulle vergelyk word, sien jy dadelik dat dit (dieselfde/anders) is. 1

1.16 Verduidelik waarom die sensusmanne reg opgetree het om vir Benjamin van Fiela af weg te vat. Verwys in jou antwoord na die politieke konteks van daardie tyd . 2

1.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (1.17) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 1.17 E

Die magistraat het gedink dat hy die regte besluit geneem het omdat .. .

A hy die wette van die land geken het.
B hy aanvaar het dat die Bosvrou eerlik was.
C daar reeds jare lank na 'n verlore kind gesoek is .
D hy geweet het dat Selling vroeër in die tronk was 1

1.18 "... ons is nie kaalgatte nie, baas, ek sweer. Ek het vyf sjielings om dit te wys."

Op watter TWEE maniere (behalwe met die vyf sjielings) het Fiela nog seker gemaak dat Benjamin 'n goeie indruk op die magistraat sou maak? 2

Downloaded from Stanmorephysics.com

BENJAMIN (*bedaard; steek pyn weg*): Weet Ma wie ek is?

FIELA: Jy is 'n weggooilam wat God aan Fiela Komoetie toebetrou het en so moes jou hart dit gevat het, maar toe kom neuk hulle alles met ander stories deurmekaar!

BENJAMIN: Ek wou nie gehad het Ma moet Ma so ontstel nie.

FIELA: Moenie wegdraai nie. Laat ons hierdie dinge lostorring en reg aanmekaarsit vandag. Want ek gaan vandag vir jou voor God net een vraag vra: Voel jy soos Benjamin Komoetie of soos Lukas van Rooyen? Wie is jy in jou siel in? Antwoord my, Benjamin!

BENJAMIN: Die dag toe ek teruggekom het, toe ek daar onder in die pad staan, het ek geweet ek is weer by die huis.

FIELA (*kalm*): Laat dit dan so wees. Moenie vandag die ooi probeer soek wat jou eerste weggegooi het nie; jy sal haar nie nou meer kry nie. Fiela Komoetie het jou opgetel, jy's haar seun. Vergeet van die Van Rooyens. Jy's by die huis.

BENJAMIN: Dis nie al nie, Ma.

1.19 Hoe kry die dramaturg dit in die uittreksel reg om die leser in te lig oor die emosie wat Benjamin ervaar terwyl hy met Fiela gesels? 1

1.20 Fiela sê vir Benjamin hy is 'n "weggooilam". Beskryf volledig waar Fiela vir Benjamin gekry het toe hy drie jaar oud was. 1

1.21 "... maar toe kom neuk hulle alles met ander stories deurmekaar!"
Na watter "stories" verwys Fiela hier? 2

1.22 "Moenie vandag die ooi probeer soek wat jou eerste weggegooi het nie ..."
Wie is die "ooi" na wie Fiela hier verwys? 1

1.23 "BENJAMIN: Dis nie al nie, Ma." (Reël 16)
Watter belangrike ding vertel Benjamin nog daardie dag vir Fiela oor homself? 1

1.24 "Vergeet van die Van Rooyens." (Reël 14–15)
Watter voordeel sal dit vir Benjamin inhou as hy die Van Rooyens vergeet? 1

**TOTAAL : AFDELING B [35]**

---

**AFDELING B: *VERSKUNS***

BEANTWOORD DIE VRAE OOR ***<u>ALBEI</u>*** GEDIGTE

**VRAAG 2**

**Lees die volgende gedig en beantwoord daarna die vrae wat volg:**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**Ek het 'n huisie by die see – H.A. Fagan**

Ek het 'n huisie by die see. Dis nag.
Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.

Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daar buite,
ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hier binne is dit veilig, warm en dig.

Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
dit is 'n rots waarop my huisie staan.

2.1. Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.1) en die antwoord neer.
**Op grond van die strofebou kan 'n mense sê dat hierdie gedig 'n voorbeeld van ( vrye vers/ 'n Engelse sonnet) is.** 1

2.2 Watter woord in strofe 1 dui daarop dat die golwe sonder ophou teen die rots slaan? 1

2.3 Gee twee funksies wat die spreker se huisie vir hom verrig. 2

2.5 Noem die DRIE APARTE WOORDE uit strofe 2 waarmee die wind se geluid beskryf word. 3

2.6 Waarom dwaal die siele volgens reël 6 rond? 1

2.7 Kies die aanhaling in KOLOM B om die letterkundige aspek in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-E) langs die vraagnommer (2.7.1 – 2.7.4) neer.

| **Kolom A** | | **Kolom B** | |
|---|---|---|---|
| 2.7.1 | Assonansie | A | Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag, soos van verlore siele in hul nood |
| 2.7.2 | Alliterasie | B | Ek het 'n huisie by die see |
| 2.7.3 | Vergelyking | C | maar nog **s**oek en **s**mag... |
| 2.7.4 | Kontras | D | ...**aa**neen, **aa**neen die golwe sl**aa**n teen**aa**n |
| | | E | ...hoe loei die storm daarbuite,... hierbinne is dit veilig... |

4

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.8 Watter TWEE sintuie(*Senses)* word gebruik om die spreker se omgewing te ervaar? 2

2.9 Watter woord klink soos die geluid wat die storm buitekant maak? 1

2.10 Watter soort rym vind ons in die koeplet? 1

2.11 Waarom word die woord "kom" in die slotstrofe herhaal? 1

2.12 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs dire vraagnommer en die letter (A-D) van jou antwoord neer.

Wat is die boodskap van die gedig volgens die slotstrofe?

A Die huisie by die see is op 'n rots gebou.
B Die spreker hou van die wind, weer en oseaan.
C Die spreker is veilig teen letterlike en figuurlike storms.
D Die huisie mag klein wees, maar dit is die spreker se eiendom. 1

**TOTAAL : VRAAG 2 [18]**

---

**VRAAG 3**

**Lees die volgende gedig en beantwoord daarna die vrae wat volg:**

**Die Nuwe Kind**

Ons oë pen jou in jou spore vas:
die nuwe kind hier in ons klas.
In óns skooldrag, langs óns meneer,
jou hare volgens die reëls geskeer.

"Hector Sobukwe," hoor ons jou naam,
"'n koningskind" – al is jy skaam.
Bedees knik jy, asof jy óns bedank
en gaan sit dan stil in jou bank.

Uit 'n Tupperware-bakkie, soos dit hoort,
eet jy pouses jou snytjies brood.
maar eenkant, alleen, onder 'n boom
gaan staan jy dan en droom.

In die kunsklas word jou pen 'n mas,
hys jy prentjieseile uit jou ribbekas,
vaar jy weg oor wit papier
die toekoms in, nog ver van hier . . .

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit die gegewe moontlikhede . Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1.1 – 3.1.2) neer.

3.1.1 In versreël 1 kom daar 'n .......... voor.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| A | vergelyking | C | personifikasie | |
| B | mertafoor | D | elisie | 1 |

3.1.2 Watter gevoel ervaar die spreker teenoor die nuwe kind, volgens die eerste strofe?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| A | bewondering | C | jaloesie | |
| B | haat | D | vriendelikheid | 1 |

3.2 Na wie verwys die "Ons" en "jou in versreël 1? 2

3.3 Hierdie gedig speel in verskillende ruimtes af. Noem twee van die ruimtes. 2

3.4 Lees reëls 5 en 6.
Was die onderwyser reg om die nuwe kind op hierdie manier aan die klas voor te stel? Sê "Ja" of "Nee". Motiveer jou antwoord. 1

3.5 Waarom word die nuwe kind ' "koningskind" genoem? 1

3.6 Die volgende stelling is **WAAR**.
Uit strofe 3 is daar aanduiding dat die nuwe kind probeer om in sy nuwe klas aan te pas.
Haal 'n versreël uit strofe 3 om die bogenoemde stelling te motiveer. 1

3.7 Gee die rymskema van strofe 2. 1

3.8 Sê in jou eie woorde watter TWEE dinge doen die nuwe leerder alleen gedurende pouses . 2

3.9 Waarom word die woord "maar" in versreël 11 gebruik? 1

3.10 In die laaste strofe kry ons 'n skip-metafoor, maar ons lees nooit die woord "skip" nie.

Haal TWEE AFSONDERLIKE WOORDE aan wat vir ons wys dat dit oor 'n skip gaan. 2

3.11 Lees die slotstrofe. Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.11 (a) en 3.11 (b)) neer.

Gedurende (a) (pouse/ die kunsperiode) leef die nuwe kind homself uit. Die woord "ribbekas" dui daarop dat hierdie nuwe kind met sy hele (b) (hart/lyf) uitsien na die toekoms. 2

**TOTAAL : VRAAG 3 [17]**
**TOTAAL : AFDELING B [35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**Basic Education**

**Department: Basic Education**

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**GR.12 - SENIORSERTIFIKAAT- Voortbereidende-eksamens (2020)**

PUNTE: 70 TYD: 2 uur

---

**MEMORANDUM**

**AFDELING A** **VRAAG 1** ***Fiela se Kind – Dalene Mathee***

1.1 sensusopname 1

1.2 Hulle wou weet:
die getal mense in die huis.
die geboortedatums van almal in die huis.
die vlak van geletterdheid van elke lid van die huis.
wie die eienaar van die grond was.
wat die aard van inkomste was 2

1.3 A motoriese moment 1

1.4 Lange Kloof/Wolwekraal 1

1.5 Volstruise 1

1.6 (volstruis(vere)/seep/(os)rieme/karwatse/velle
1

1.7 Die sensusmanne het die Komoeties se besonderhede in die sensusboek geskryf.
Die sensusmanne het vir Benjamin gesien
Die sensusmanne het gevra of Benjamin kon onthou hoe hy op Wolwekraal gekom het.
Die sensusmanne het gesê die magistraat wou vir Benjamin sien. **4**

1.8.1 Hy is 'n leier 1

1.8.2 trots 1

1.9 twee oulap vir 'n enkele vel 1

1.10 Verhoog die spanning/afwagting 1

1.11 mnr. Goldsbury 1

1.12 knysna 1

1.13 Wat is jou naam?
Wie is jou ma?

Downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

Wie is jou pa?
Waar woon jy?
Hoe het jy jou ma se kind geword?
Het julle geld? . 3

1.14.1 besorgd oor 1

1.14.2 Barta ...
was die heeltyd bang dat Elias vir Lukas sou slaan dat die merke wys.
sou eerder vir Nina laat slaan sodat Lukas kon vrykom.
Het Lukas teen Elias (se ongeduld) probeer beskerm.
het raakgesien dat Lukas moeg/gedaan was (toe hulle van Knysna af Bos toe geloop het).
het raakgesien dat Lukas te maer was/het gevra of Lukas nie te maer was nie.
het gewonder hoekom Lukas nie wou praat nie. 1

1.15 anders . 1

1.16 Fiela was 'n bruin vrou en Benjamin/Lukas was 'n wit kind
Daar was apartheid/rassisme. (slegs een punt) 2

1.17 B hy aanvaar het dat die Bosvrou eerlik was. 1

1.18 Fiela het seker gemaak dat Benjamin ...
- skoon was.
- 'n trommel met alles wat hy nodig sou hê by hom gehad het.
- geweet het hoe om die magistraat aan te spreek.
- die magistraat se vrae korrek sou kon antwoord.
- vir die magistraat noem dat hulle grond besit.
- geweet het dat hy mooi moes skryf/lees as die magistraat hom sou vra.
- sy beste klere sou dra/se klere netjies sou wees.
- 'n nuwe hemp /, nuwe skoene en Dawid se baadjie aanhet. 2

1.19 Die dramaturg lig die leser in deur middel van die neweteks/ toneelaanwysings (waarin staan dat Benjamin sy pyn wegsteek). 1

1.20 Voor haar (agter)deur /By haar huis/ Op Wolwekraal 1

1.21 Die stories dat Benjamin die Van Rooyens se kind is./Die storie dat Benjamin as driejarige uit die Bos na die Komoeties geloop het./Dat die sensusmanne hom na die magistraat wil vat. 2

1.22 Benjamin/Lukas se biologiese ma./Die ma wat hom weggegooi het./Die ma wat hom voor Fiela se deur gelos het. 1

1.23 Hy is verlief op Nina./Hy is lief vir Nina./Hy is lief vir sy suster 1

1.24 Eie opinie:
Hy sal gelukkiger wees./Hy sal kan aangaan met sy lewe./Hy sal kan vergeet hoe onregverdig hy behandel is./Hy sal 'n verhouding met Nina kan hê 1

**TOTAAL : AFDELING A [35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING B: GEDIGTE

VRAAG 2

2.1. 'n Engelse sonnet) 1

2.2 aaaneen 1

2.3 Dit bied veiligheid en warmte. 2

2.5 huil
kreun
klag/klagend 3

2.6 Hulle is onrustig/Hulle kon nie rus vind nie. 1

2.7.1 D …**aa**neen, **aa**neen die golwe sl**aa**n teen**aa**n
2.7.2 C maar nog **s**oek en **s**mag…
2.7.3 A Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,
soos van verlore siele in hul nood
2.7.4 E …hoe loei die storm daarbuite,…
hierbinne is dit veilig… 4

2.8 gehoor/ gevoel/ 2

2.9 loei 1

2.10 paaarym 1

2.11 Die spreker tree uitdagend op. 1

2.12 C Die spreker is veilig teen letterlike en figuurlike storms. 1

**TOTAAL : VRAAG 2 [18]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAAG 3

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | C | personifikasie | 1 |
| 3.1.2 | C | jaloesie | 1 |
| 3.2 | "Ons" | spreker en klasmaats | 1 |
| | "jou" | die nuwe seun/kind/leerling/Hector Sobukwe.2 | 1 |

3.3 In die klaskamer
Op die skoolgrond
In die kunsklas 2

3.4 Ja
Almal weet dadelik wie die nuwe kind is.
Dit is die onderwyser se manier om vriendelik te wees/ hom welkom te laat voel.
Almal sal die nuwe kind aanvaar/respekteer.
Die onderyser het gedink die kinders sou hom aanvaar as hulle weet wie hy is.

Nee
Die onderwyser beïnvloed die kinders se gevoel teenoor die nuwe kind.
Dit sal hom isoleer.
Dit vestig te veel aandag op die skaam kind. 1

3.5 Sy naam en sy van verteenwoordig belangrike persone in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. 1

3.6 Uit 'n Tupperware-bakkie, soos dit hoort, 1

3.7 eeff 1

3.8 Hy eet sy toebroodjies.
Staan onder 'n boom en droom. 2

3.9 Dui wending of verdieping aan 1

3.10 hys
mas
prentjieseile 2

3.11 (a) kunsperiode 1

3.11 (b) hart 1

**TOTAAL : VRAAG 3 [17]**

Downloaded from Stanmorephysics.com